Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

Postnetsuite 001
P/S X9676
Hampton Court
POLOKWANE
0700

TEL: 015 296-0940

FAKS NO: 086 543 0378

Vrydag, 17 Mei 2019
Nuusbrief no 9 / 2019

Goeie more liewe Osieteddie-ouers,

Ek is so dankbaar dat al die vakansiedae agter die blad is! Dit voel amper of die tweede kwartaal nou eers kan spoed kry.

Ek hoop al die mammas het hulle Moedersdag baie geniet, en dat die persentjie al 'n spesiale plekkie gekry het.

1. Dit bring ons by ons **Vadersdag-geskenke**:

Ons benodig die volgende, maar as ons almal inspring is ons gou-gou geholpe.

- uitgedroogte teesakkies
- koerantpapier
- 1 x 5 star sjokolade **of** 1 Bar One sjokolade **of** R10 bydrae

2. **Groepfotos van die kleuteratletiek**

Buite op elke klas se aansteekbord is 2 groepfotos @R25 elk beskikbaar. Bestellings word geneem. Skryf asb u naam onderaan elke foto. Bestellings sluit Dinsdag, 21 Mei 2019.05.16 Ek glo dat u teen hierdie tyd reeds u kleuter se individuele foto van die atletiek ontvang het.

3. **Individuele fotos, Maandag 20 Mei 2019**

Hier volg al die reëlings vir die fotos:

Dogtertjies:	Seuntjies:
📷 Hare mooi netjies vasgemaak of los, gebruik wit of rooi linte / kopband	📷 Hare mooi netjies
📷 Skoon, wit geborselde tande	📷 Skoon, wit geborselde tande
📷 Gesiggies skoon gewas	📷 Gesiggies skoon gewas
📷 Lang blou denimbroek	📷 Lang blou denimbroek
📷 Wit –hemp	📷 Wit –hemp
📷 Boots / stewels of gumboots of tekkies	📷 Boots / stewels of gumboots of tekkies

- 📷 <u>Klasfoto:</u> Pak asseblief die klashempies (dit is die gekleurde hempie van die atletiek) in. Ons gaan die wit hempie uittrek, en dan die gekleurde hempie aantrek

- 📷 Maak seker juffrou het die koevert met die fotobestelling ontvang, anders gaan u kleuter nie afgeneem word nie.
- 📷 Gesinsfotos word Maandagaand geneem, kontak vir Amanda in die kantoor as u ‘n tydgleuf wil bespreek.

4. **Skoolfooie:**
   - Ons herinner u net aan die skoolfooie wat vooruitbetaalbaar is – dankie vir getroue betalings.

5. **Herregistrasies:**
   - Onthou dat die Herregistrasies vir Osieteddie-maats eers vanaf 1 Augustus 2019 sal geskied. U sal vorms ontvang.
   - Registrasiefooie is daarna tot en met 7 November betaalbaar

6. **Aflos persone:**
   - Indien u weet van persone wat graag by ons skool as aflos wil help, kan u hulle besonderhede vir Linda of Amanda bring.
   - Veral persone wat voorheen skoolgehou het sal ‘n groot hulp vir ons wees.

7. **Medikasie:**

Met die griepseisoen op hande, herinner ons u net weer aan ons medisyne-beleid:

- Geen onderwyseres mag medikasie aan ‘n kleuter toedien sonder ‘n ouer se skriftelike toestemming nie. Probeer asseblief waar moontlik medikasie tuis toedien.
- Kleuters wat antibiotika gebruik moet vir twee skooldae tuis bly.
- Ons vra ook mooi dat kinders met koors nie skool toe sal kom nie. Die koorsstadium is die aansteeklike tyd. Ons is maar altyd versigtig vir koorsstuipe.
- Indien u kind wel medikasie moet ontvang, moet u in die medisyneboek toestemming verleen. Verder kan u die korrekte hoeveelheid medisyne in ‘n inspuiting opgetrek word en in ‘n gemerkte plastiekbakkie aan die Onderwyseres oorhandig word.
- Moet ASSEBLIEF onder geen omstandighede medisyne in u kind se tas los nie.

Ek deel met julle my **griepbrousel.** Oor die jare het hierdie konkoksie vele loopneuse al gesonde gedokter:
1 botteltjie Scotts Emulsion
1 botteltjie Creche Guard
2 sakkies probiotika (pead)
1 anti-histamiene stroop (bv. Deselex)

- Meng alles goed en gee 2.5ml, dalk tot en met 5m vir die groter maats, elke oggend

8. **Kosblikke:**

Baie dankie aan die vele ouers wat hou by die gesonde kosblikriglyne. Onthou dat koekies soos Mariekoekies en Oreo's nie as 'n gesonde happie gesien word nie. 'n Vleisie of 'n broodjie is beslis nodig!

Fokus vir die week wat kom:
Albert Einstein het gesê dat speel die hoogste vorm van navorsing is.

Wietske Boon, 'n Spelterapeut, het in die lig hiervan gesê dat ons nie die krag van spel moet onderskat nie, en moet ons dit ook nie probeer vervang met enige vorm van leer nie.

Dit kom daarop neer dat: "Kinders leer deur te speel". Alle vorms van speel is goed, maar ons moet ook dikwels gerigte spel toepas waar ons wil hê die kinders moet spesifieke vaardighede aanleer.

Die waarde van speel:

- Speel help kinders om te konsentreer, te redeneer en gedagtes en denke te organiseer en sodoende probleme op te los.
- Speel leer kinders om te gee en om te neem, om beurte te maak en om saam te werk.
- Speel help die kind om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel, en gee hom 'n manier om sy emosies uit te druk, asook om spanning te verlig.

Die fases van speel:
1. Alleenspel: Kom gewoonlik onder baie jong kinders voor.
2. Parallellespel: Kinders speel naby/langs mekaar maar nie met mekaar nie.
3. Sosialespel: Wisselwerking en interaksie vind plaas waar kinders met mekaar speel.

Kom ons koester weer ons kinders en maak gereeld tyd om saam met hulle te speel, en hulle sodoende in hulle ontwikkeling te ondersteun.

Geniet die naweek saam met u gesin.

Osieteddies-groete

Me. Linda Kruger & personeel
HOOF: Osieteddies Kleinkindontwikkelingsentrum